PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# Kolwers skitter met 402 lopies-vennootskap



Tiaan van Tonder, Charl Naudè en Estiaan Schönfeldt was die uitblinkers in die wedstryd.



Tiaan van Tonder en Estiaan Schönfeldt wat 'n vennootskap van 402 lopies aangeteken het.

**Rustenburg** – Op Sondag 3 Februarie was Hoërskool Rustenburg (RHS) se eerste krieketspan betrokke in 'n besonderse krieketwedstryd.

RHS moes sy wedstryd in die Coca Cola Nasionale T20 reeks uit die pad uit kry ten einde te kwalifiseer vir die Coca Cola T20 finale naweek in Potchefstroom.

RHS wen die loot en besluit om eerste te kolf. Die twee openingskolwers Estian Schönfeld en Tiaan van Tonder het hierdie geleentheid ten volle aangegryp en teken 'n onoorwonne 402 lopies aan in 20 boulbeurte. Estian eindig op 'n fenomenale 202, nie uit nie. Hy teken hierdie lopies in 66 balle aan met 9 viere en 22 sesse. Tiaan eindig op 180 nie uit nie van 61 balle met 17 viere en 14 sesse.

Die opponente moes hierna gaan kolf en loop hulle in die snelaanval van Charl Naude vas wat in 4 boulbeurte 5 paaltjies neem en net 1 lopie afstaan. Met die ondersteuning van Nathan Coetzee wat 2 paaltjies neem in 2 boulbeurte boul hulle die opponente span uit vir 22.

Hulle wen dus hierdie wedstryd met 380 lopies en dring deur na die finale in Potchefstroom waar hulle op Vrydag 15 Februarie teen Fields College te staan kom in die Noord Wes kwarteindstryd. Alle sterkte word hulle toegewens.



Agter van links: Bertus Buitendach, Fano Balignaut (afrigter), Rico Fryer, Niklis van Onselen, Dwaine Pretorius, Oderile Modiomokwane, Kris Vorster, Jan van Staden (afrigter), Martin van Tonder (spanbestuurder) en Niel Blignaut (afrigter). Middel van links: Nathan Coetzee, Janco Naudè, Charl Naudè, Brandon Venter, Hanro Swanepoel, Werner Eckard en Dewald du Plessis. Voor van links: Tiaan van Tonder en Estiaan Schönfeldt.

# SPORT
## 2019 SUPERUGBY

Die Bulls en die Haaie speel toe gelykop met 7 punte elk in Ballito onder uiters warm en bedompige toestande. *Coach* Robert was egter bly oor die klimaat want die Haaie se eerste *game* in die 2019 Super Reeks is teen die Sunwolves in Singapoer – waar die toestande nog erger is!

Du Preez was dan nie so spraaksaam oor die spel teen die Bulle nie, maar nogtans was dit 'n goeie 'oefen' wedstryd waarin sy hele groep 'n speelbeurt kon kry.

Die Stormers het op hulle beurt litte losgemaak teen die Boland Kavaliers in Wellington en dit was 'n drieë fees waar die Stormers dertien drieë inryg.

Die agterspel van die Stormers moes beslis vir Flekkie 'n riem onder die hart gewees het. Maar die gespeel is nou verby en die harde waarheid breek Saterdag aan wanneer die Kapenaars Pretoria toe moet reis om op Fort Loftus teen die Bulle te gaan uitdraf in hulle eerste *game* van die seisoen ou grote.

Die Leeus reis Buenos Aires toe om teen die Jaguares uit te draf vir hulle eerste *game* van die seisoen. Warren Whiteley is weer fiks en is ook dan die *cappie*. Cyle Brink en Ross Cronje is nog op die krukkelys. Carlu Sadie gaan op voorry sy debuut maak vir die Lions. Die gewese WP stut kan van groot waarde wees vir die Leeus vanjaar.

### Die skedule vir Week 1:

**VRYDAG 15 FEB**
- Chiefs vs Highlanders - 08:35 Hamilton
- Brumbies vs Rebels -10:45 Canberra

**SATERDAG 16 FEB**
- Blues vs Crusaders - 08:35 Auckland
- Waratahs vs Hurricanes - 10:45 Sydney
- Sunwolwes vs Haaie - 12:55 Singapoer
- Bulle vs Stormers - 17:15 Pretoria
- Jaguares vs Leeus - 23:40 Buenos Aires
- Loslootjie: Reds

En so klap die skote vir 2019! Braaivleis rugby en Germaanse bruis drankies in die donkerte gehul...

**Nag ou grote...**

# Impala vs Potch
## this weekend



**Rustenburg** – The Newrak Impala Rugby Club will be facing the North West University Potchefstroom Campus rugby team on the Newrak Impala rugby field on Saturday 16 February.

Teams from Klerksdorp and Potchefstroom rugby clubs will also be competing, with five matches taking place.

The matches will officially start at 13:00 with the main attraction at 16:20.

These games form part of the Leopard's presidents league. This will also be the first time in four years that the Newrak Impala Rugby Club will lock horns with Potch's team – making it the most anticipated match of the day.

Spectators can look forward to good food, good entertainment and great rugby.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Cherry Pill "Live" | 15 Feb '19 | RTB: Kenny Gee's Restaurant | 014-592-8079 | kennygees@telkom.net |
| Race to the Sun MTB race | 16 Feb '19 | Hartbeespoort dam to Sun City | 086-199-0001 | info@advendurance.com |
| Impala Rugby Club vs North West University Potchefstroom | 16 Feb '19 | RTB: Newrak Impala Rugby Field | 082-926-8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| Greater Rustenburg Fire Protection Association AGM | 16 Feb '19 | RTB: Brauhaus am Damm | 082-809-3990 | grfpa.fire@gmail.com |
| Dozi's Back to the Roots - Dozi and Nicholis Louw "Live" | 17 Feb '19 | Hartbeespoort, Plot 136 Rietfontein | 012-259-1774 | bookings@dozi.co.za |
| BirdLife Rustenburg | 18 Feb '19 | RTB: Methodist Church | 083-702-1462 | hanti@mathewsqs.co.za |